



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



Grade: 6

Learning Area: Afrikaans (EAT)

Table of Contents

<i>Topic: Gedig - Boelies (ASG).....</i>	<i>2</i>
<i>Topic: Skryfwerk - Brief (Informeel) ASG. Bl. 174.....</i>	<i>7</i>
<i>Topic: Taalstrukture en Konvensies (ASG. Bl. 95)</i>	<i>12</i>
<i>Topic: Kortverhaal: Mondli die Fluitspeler (ASG bl. 94).....</i>	<i>16</i>



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



Learning Area: Afrikaans (EAT)

Topic: Gedig - Boelies (ASG)

SILENT SITTING:

- Take a deep breath in and gently breathe out.
- Gently close your eyes and continue breathing gently in and out.
- Breathe deep and slow.
- Breathe all the way down to your belly.
- Everything slows down and body calms down too.
- All the mental fuzz and stress will slowly be released.
- You will slowly be freed of any negativity controlling your mind.
- Gently open your eyes.

VALUE: Right Conduct

SUB VALUE: Respect / responsibility / leadership

CONTENT:

A) AS PER CURRICULUM (*May use your required template as per National protocol or this part*)

Verwys na Voorbereiding.

B) INTEGRATION:

1. *Within Learning Areas*

As 'n mens verwag dat kinders gaaf en liefdevol word, dan moet jy as 'n rolmodel dien. As volwassenes die positiewe waardes leef en oefen, sal kinders verstaan hoe belangrik dit is om gaaf en verantwoordelik te wees.



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



2. *Between Learning Areas:*

Lewensorientering

As leerders daagliks gehelp word om hulle gedrag en optredes te ontleed, sal hulle uitvind waar hulle verkeerd optree.

3. *Into The Universe/ Cosmos/ Creation*

Die son verskaf lig en energie aan lewende wesens. Daar is geen teken van selfsugtigheid en wreedheid nie. Universele liefde is wat belangrik is. Die verstand hiervan sal mense motiveer om ander te aanvaar.

c) **SELF REFLECTION:**

Leerders moet verstaan wat dit is om 'n leier te wees. Goeie, verantwoordelike leiers sal ander help en hulle motiveer. As iemand 'n ander mens intimideer, beledig en onderskat dan moet die persoon verstaan dat hulle negatief optree en dat hulle nie 'n verantwoordelike leier kan wees nie.



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



SATHYA SAI SKOOL

WAARDE: RIGHT CONDUCT

SUB: RESPECT / RESPONSIBILITY / LEADERSHIP.

STIL SIT

ASEM IN EN UIT

FOKUL PUNT

VAK: AFRIKAANS (EAT)	GRAAD: 6
KWARTAAL:	TEMA:
WEEK:	BRONNE:
DATUUM:	2 WEEK SIKLUS

WEKE	LUISTER EN PRAAT	LEES EN KYK	SKRYF AANBIED EN	TAALSTRUK EN KONVENSIES
10 UUR	2 UUR	5 UUR	2 UUR	1 UUR
ASPEK	Gedig: Boelies Bl. 137			
AKTIWITEITE	Bespreking van die gedig <ul style="list-style-type: none"> • Woordeskat • Inhoud • Tema 	Lees die storie en beantwoord die vrae.		Woordeskat Taal
BRONNE	Afrikaans sonder grense. Net die beste werkboek. Onderwysergids.	Afrikaans sonder grense. Net die beste werkboek. Onderwysergids.	Afrikaans sonder grense. Net die beste werkboek. Onderwysergids.	Afrikaans sonder grense. Net die beste werkboek. Onderwysergids.
ASSESSERING	Formele Assessering	Informele Assessering	Informele Assessering	Formele Assessering

ONDERWYSER: _____ HOOF VAN DEPT: _____

LES 2 (GEDIG: BOELIES) – RIGHT CONDUCT: RESPECT/ RESPONSIBILITY/ LEADERSHIP.

Boelies

Is daar boelies van wie jy weet?
Hulle is altyd gemeen en wreed.
Hulle vat jou goed,
en bræk jou moed.

Boelies maak jou bang.
Hulle kan jou vang.
Boelies maak jou kwaad –
'n mens wil hulle net haat!

Hier is goeie raad:
Maak liewer 'n boelie jou maat.
Praat met hom of haar en sê jou sê.
Dis wat boelies eintlik wil hê!



Vrae:

1. Wat word 'n strofe met 4 versreëls genoem?

2. Kies die korrekte antwoord.

Die gedig het (paarrym/kruisrym/gebroke rym)

3. Haal 2 woorde uit strofe 1 aan wat Boelies beskryf.

4. Noem een slegte ding wat hulle doen?

5. Haal 'n versreël aan wat wys dat Boelies jou nie goed laat voel nie.

6. Het iemand jou ooit geboelie?



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



Wat het jy gedoen om dit tot 'n einde te bring?

7. In plaas van haat moet 'n mens _____ in jou hart koester.

8. Watter advies word hier in strofe 3 gegee?

9. Wat dink jy het boelies nodig om beter mense te word?

10. Wat dink jy is die tema van hierdie gedig?



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



Grade: 6

Learning Area: Afrikaans (EAT)

Topic: Skryfwerk - Brief (Informeel) ASG. Bl. 174

SILENT SITTING:

- Sit comfortably and breathe deeply.
- Gently close your eyes.
- Feel the rays of the sun, touch your skin and slowly penetrating your skin scanning your entire body for any form of stress or tension.
- The strong rays of light find the tension and release it.
- The waves of light releases all fear and relaxes the entire body.
- Gently open your eyes.

VALUE: Love

SUB VALUE: Compassion / joy / affection

CONTENT:

A) AS PER CURRICULUM (*May use your required template as per National protocol or this part*)

Verwys na die Voorbereiding.

B) INTEGRATION:

1. Within Learning Areas

Sterk verhoudings en liefdevolle interaksies tussen familielede is van groot belang as ons sterk, eerlike en ondersteunende jong mense in die wêreld wil hê.



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



2. *Between Learning Areas:*

Kuns en Kultuur

Besprekings kan help om leerders te laat verstaan hoe belangrik dit is om liefdevolle verhoudings te koester. Leerders kan gemotiveer word om kaartjies te maak waarin waardering uitgelig kan word.

3. *Into The Universe/ Cosmos/ Creation*

Die redwoodbome staan sterk teen wind en vloed. Hulle wortels loop diep in die grond in en hulle wortels vervleg mekaar. Dit is waarom hulle so sterk teen die wind staan. As ons van die bome leer, sal ons verhoudings sterk wees en ons sal in staat wees om teen enige ewel te wen.

c) **SELF REFLECTION:**

Die leerders sal oor verhoudings dink. Kontak met die ouer mense in die familie is baie belangrik. Die kontak kan in enige vorm wees. Dit kan 'n e-pos, brief, telefoonoproep, boodskap of 'n besoek wees. Dit help ouer mense om goed te voel. Leerders moet ook dink aan hoe hulle sal voel as niemand aan hulle steur nie.



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



SATHYA SAI SKOOL

WAARDE: LOVE

SUB: COMPASSION / JOY / AFFECTION.

STIL SIT

ASEM IN EN UIT

FOKUL PUNT

VAK: AFRIKAANS (EAT)	GRAAD: 6
KWARTAAL:	TEMA:
WEEK:	BRONNE:
DATUUM:	2 WEEK SIKLUS

WEKE	LUISTER EN PRAAT	LEES EN KYK	SKRYF EN AANBIED	TAALSTRUK EN KONVENSIES
10 UUR	2 UUR	5 UUR	2 UUR	1 UUR
ASPEK			Brief van oupa aan kleinkind ASG Bl. 174	
AKTIWITEITE		Lees die storie en beantwoord die vrae.		Woordeskat Taal
BRONNE	Afrikaans sonder grense. Net die beste werkboek. Onderwysergids.	Afrikaans sonder grense. Net die beste werkboek. Onderwysergids.	Afrikaans sonder grense. Net die beste werkboek. Onderwysergids.	Afrikaans sonder grense. Net die beste werkboek. Onderwysergids.
ASSESSERING	Formele Assessering	Informele Assessering	Informele/ Formele Assessering	Formele Assessering

ONDERWYSER: _____ HOOF VAN DEPT: _____

LES 3 (BRIEF) – LOVE: COMPASSION / JOY / AFFECTION.

AFRIKAANS SONDER GRENSE BL. 174.

VERBEEL DAT JY ASHWIN SE OUPA IS. BEANTWOORD DIE BRIEF WAT HY AAN JOU GESKRYF HET.

Bakenstraat 16
Reitz
9810
19 April 2014

Liewe Oupa

Ek hoop dit gaan goed! Ek het 'n snaakse storie om vir Oupa te vertel!

Pappa het vir ons almal nuwe klere gekoop om saam te neem met vakansie: sokkies, polle, stapskoene, T-hemde, kortbroeke en warm trale. Gisteraand besluit hy om sy nuwe klere aan te pas. Eers kom hy uit met net sy kortbroek aan. Toe trek hy sy nuwe T-hemp aan. Dit het kolle op soos 'n luiperd s'n. Toe sit hy 'n pet met buffelhoringe op! Sy nuwe trui het groot kolle op, soos 'n kameelperd.

Ek en Mamma het so gelag. En toe brul hy soos 'n leeu! Pappa is so gekamoetleer in al dié snaakse klere, hy sal tussen die diere kan rondloop!

Ek sien baie uit na die vakansie. Ek wens Oupa kon saamgaan!

Liefdegroete
Ashwin



Punte wat in ag geneem moet word

1. Hoe alles met jou gaan?

2. Jou reaksie oor Ashwin se snaakse storie.



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



3. Hoe voel jy oor so 'n vakansie?

4. Hoekom kan jy nie saamgaan nie?

5. Bespreking van die formaat van 'n informele brief.



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



Grade: 6

Learning Area: Afrikaans (EAT)

Topic: Taalstrukture en Konvensies (ASG. Bl. 95)

SILENT SITTING:

- Nature scene will be played on the laptop for the learners to view.
- They will be asked to breathe in deeply and slowly close their eyes.
- They will then listen to the sounds of Nature.
- This will improve focus and concentration and reduce any negative emotions.
- Continue breathing gently and slowly open your eyes to a relaxed day.

VALUE: Truth

SUB VALUE: Reason / truthfulness / accuracy

CONTENT:

A) AS PER CURRICULUM (*May use your required template as per National protocol or this part*)

Verwys na die Voorbereiding.

B) INTEGRATION:

1. Within Learning Areas

Om reëls te volg is baie belangrik. Net soos dit orde beklemtoon in die taal, help dit om dissipline in die lewe te koester.



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



2. *Between Learning Areas:*

Wiskunde

Reëls en logiese idees help om sukses te behaal. As 'n mens in chaos probeer werk, sal dit moeilik wees om oplossings te vind. Duidelike oplossings sal belemmer word.

3. *Into The Universe/ Cosmos/ Creation*

Die planete volg sekere reëls in hulle beweging anders sal daar chaos in die heelal wees.

c) **SELF REFLECTION:**

Leerders moet verstaan dat kommunikasie baie belangrik is. As ons nie verstaan hoe mense kommunikeer en ook hoe om die verskeie stylfigure en woordeskat te gebruik nie, kan daar groot misverstand wees. Dis belangrik dat leerders bewus is hiervan en dat hulle hulle taalgebruik bevorder om beter te kan kommunikeer.



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



SATHYA SAI SKOOL

WAARDE: TRUTH

SUB: REASON / TRUTHFULNESS/ ACCURACY.

STIL SIT

ASEM IN EN UIT

FOKUL PUNT

VAK: AFRIKAANS (EAT)	GRAAD: 6
KWARTAAL:	TEMA:
WEEK:	BRONNE:
DATUUM:	2 WEEK SIKLUS

WEKE	LUISTER EN PRAAT	LEES EN KYK	SKRYF EN AANBIED	TAALSTRUK EN KONVENSIES
10 UUR	2 UUR	5 UUR	2 UUR	1 UUR
ASPEK				Taalwerk ASG Bl. 195
AKTIWITEITE		Lees die storie en beantwoord die vrae.		Woordeskat Taal: <ul style="list-style-type: none"> ● Lydende Vorm. ● Word deur ● Is deur
BRONNE	Afrikaans sonder grense. Net die beste werkboek. Onderwysergids.	Afrikaans sonder grense. Net die beste werkboek. Onderwysergids.	Afrikaans sonder grense. Net die beste werkboek. Onderwysergids.	Afrikaans sonder grense. Net die beste werkboek. Onderwysergids.
ASSESSERING	Formele Assessering	Informele Assessering	Informele/ Formele Assessering	Formele Assessering

ONDERWYSER: _____ HOOF VAN DEPT: _____

LES 4 (TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES) TRUTH: REASON/ TRUTHFULNESS/ ACCURACY.
LYDENDE VORM GEBASEER OP DIE PRENTJIE OP BL. 95.
AFRIKAANS SONDER GRENSE.



Voorbeeld: Die seun speel drie liedjies.

Die seun het drie liedjies gespeel.

Drie liedjies word deur die seun gespeel.

Drie liedjies is deur die seun gespeel.

SKRIFTELIKE OEFENING

1. Die kind speel die blokfluit.
2. Die seun dra rooi tekkies.
3. Almal het hande geklap.
4. Die seun het een musiekinstrument gespeel.
5. Die vrou het twee handsakke gedra.
6. Die kleintjies speel pragtige musiek.
7. Die ryk vrou koop baie winkels.
8. Die trein het baie geraas gemaak.



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



Grade: 6

Learning Area: Afrikaans (EAT)

Topic: Kortverhaal: Mondli die Fluitspeler (ASG bl. 94)

SILENT SITTING:

- Breathe in and out.
- Continue to focus on your breathing.
- Breathe in gently for the count of 4.
- Hold for 4 and breathe out gently for 4.
- Keep your concentration fixed on your breathing.
- If your mind wanders slowly return your focus back to your breathing.
- Smile as you slowly return to your breathing.
- Count and restart.
- Slowly all tension and restlessness will disappear and you will feel relaxed.

VALUE: Love

SUB VALUE: Affection / Sincerity

CONTENT:

A) AS PER CURRICULUM (*May use your required template as per National protocol or this part*)

Verwys na Voorbereiding.

B) INTEGRATION:

1. Within Learning Areas

Ons moet nooit gestremde mense terg nie. Ons is almal God se skepping en almal van ons het talent. Dit is onaanvaarbaar as mense met ander spot en hulle gevoelens seermaak.



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



2. *Between Learning Areas:*

Kuns en kultuur

Elke kind het talent. Leerders kan gehelp word met hulle interaksies met ander mense.

Waardes moet uitgelig word om leerders positief te beïnvloed.

3. *Into The Universe/ Cosmos/ Creation*

Alle kalbasse het nie dieselfde vorm en grootte nie maar dien as kos vir enige mens wat dit nodig het.

Gestremde mense kan ook 'n groot rol in die lewe speel.

c) **SELF REFLECTION:**

Die leerders sal intospekteer. Hulle sal hulle optredes en aksies teenoor hulle familieleden en ander mense analiseer. Dit sal hulle laat verstaan of hulle selfsugtig optree of hulle liefde resoneer. As hulle selfsugtig optree, kan hulle dan besluit hoe hulle kan verander.

SATHYA SAI SKOOL

WAARDE: LOVE

SUB: AFFECTION / SINCERITY.

STIL SIT

ASEM IN EN UIT

FOKUL PUNT

VAK:	AFRIKAANS (EAT)	GRAAD: 6
KWARTAAL:		TEMA:
WEEK:		BRONNE:
DATUUM:		2 WEEK SIKLUS



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



WEKE	LUISTER EN PRAAT	LEES EN KYK	SKRYF EN AANBIED	TAALSTRUK EN KONVENSIES
10 UUR	2 UUR	5 UUR	2 UUR	1 UUR
ASPEK		Kortverhaal: Mondli die Fluitspeler.		
AKTIWITEITE		Lees die storie en beantwoord die vrae. Bl. 94		Woordeskat Taal
BRONNE	Afrikaans sonder grense. Net die beste werkboek. Onderwysergid s.	Afrikaans sonder grense. Net die beste werkboek. Onderwysergid s.	Afrikaans sonder grense. Net die beste werkboek. Onderwysergid s.	Afrikaans sonder grense. Net die beste werkboek. Onderwysergids.
ASSESSERING	Formele Assessering	Informeel Assessering	Informeel Assessering	Formele Assessering

ONDERWYSER: _____ HOOF VAN DEPT: _____

Kortverhaal: Mondli die Fluitspeler.

Mondi, die fluitspeler

Vir Mondi was die lekkerste ding op aarde om op sy blokfluit te speel. Al die maats luister elke middag ná skool na sy mooi liedjies. Mondi geniet dit as die kinders begin dans. Hy kan nie saamdans nie, want hy het 'n kreupel been.



Mondi is dié aand nie lus vir huiswerk nie. Hy wonder hoe hy sy suster, Bettie, kan help. Sy wil graag 'n onderwyseres word. Maar hulle is arm en daar is nie geld om haar verder te laat studeer nie.

Mnr. Dube, die buurman, luister eendag hoe Mondi speel. Hy geniet die musiek en dans saam. Hy nooi Mondi om saam met hom stad toe te gaan om daar blokfluit te speel. Mondi kan sō sy eie sakgeld verdien.



Vroeg die volgende oggend ry Mondi saam met mnr. Dube op die trein stad toe.

Die geraas van die trein klink vir Mondi soos musiek. Die klank van die wiels op die reïnspoor is vol ritme.



Mnr. Dube en Mondli loop na 'n groot winkelsentrum toe. Mondli is stakflou en sy kreupel been pyn. Mnr. Dube moet gaan werk en los hom by die bestuurderes van die sentrum. Haar naam is Mandy. Sy sê vriendelik: "Speel asseblief vir my drie liedjies." Sy hou baie van Mondli se musiek en sê hy kan dadelik begin.



Al die mense geniet Mondli se musiek. Mandy kom ook elke dag luister.



'n Paar dae later is daar 'n klop aan die deur. Mnr. Dube en al sy maats staan voor die deur met 'n present vir hom. "Mondli, dis vir jou," sê mnr. Dube. In die pakkie is daar 'n splinternuwe blokfluit. "Ons kan nie sonder jou musiek lewe nie, Mondli!" sê die kinders. "Ons het almal geld gegee en dit vir jou gekoop."



Almal dans toe Mondli begin speel. Mondli is gelukkig om weer musiek te maak. Dit maak nie saak dat hy nie kan saamdans nie. Hy weet hy kan nou musiekskaal toe gaan, want hy het weer sy eie blokfluit. Wat sou hy sonder mnr. Dube en sy maats gedoen het?



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



GRAAD: 6

LES 1 (KORTVERHAAL – MONDLI DIE FLUITSPELER) – LOVE (AFFECTION / SINCERITY)

AFRIKAANS SONDER GRENSE BL: 94.

1. Wat was vir Mondli die lekkerste ding op aarde?

2. Al sy maats luister elke more na sy mooi liedjies.
Haal 2 agtereenvolgende woorde wat wys dat die stelling ONWAAR is.

3. Waarom dink jy kan Mondli nie met die ander kinders saamdans nie?

4. Hoe weet jy dat Bettie verder wil studeer?

5. Wie is Mondli se buurman?

6. Mondli gaan saam met sy buurman stad toe om

- 6.1 'n blokfluit te koop
- 6.2 daar te dans
- 6.3 sakgeld te verdien.

7. Hulle ry per

- 7.1 trein
- 7.2 motor
- 7.3 vragmotor

8. Hoeveel liedjies moet Mondli speel voordat hy gehuur is?

9. Waaruit kan jy aflei dat Mondli se vriende gawe kinders is?

10. Haal een woord aan wat wys dat Mondli musiek sal studeer.
